

THOMASHUT

Die naweek van 5-6 Augustus 2017 het 7 lede die hut omtrent op sy dak omgekeer om herstelwerk te doen (die stort) en skoon te maak. Baie sal seker wonder waarom die hut so gereeld “skoongemaak” moet word, aangesien elke besoeker tog veronderstel is om die kaggel skoon te maak, skottelgoed te was en uit te vee? Lees bietjie verder:-

OU/ONGEBRUIKTE KOS

Vir jare was die gebruik om kos wat agterbly, in die wit blik te los, vir noodgevallen. Die voorraad in die blik raak egter nie minder nie, wat ons noop om mettertyd die kos weg te gooi, omdat dit vervaldatum bereik. Dit wil dus voorkom dat hierdie reëling misbruik word as “dumping station”. Dit is veral sop, pap en pasta wat agtergelaat word.

VERSOEK: neem asseblief als terug wat jy nie eet nie of pak dit in jou sluitkassie. Daar is (met moeite) glaspotte opgedra om die volgende produkte vir besoekers beskikbaar te stel: Rooibos tee, Ceylon tee, kitskoffie, sakkie koffie, filter koffie, cocoa, hot chocolate, melkpoeier, suiker en sweetner. Jy is baie welkom om hierdie items uit jou voorraad in die glaspotte aan te vul.

POTTE/BORDE/BEKERS/GLASE/MESSEGOED

Daar word verwag van elke besoeker om seker te maak dat al die skottelgoed gewas is. Daarvoor word skottelgoedseep onder die wasbak gestoor. Nietemin, word daar steeds vuil borde en bekere tussen die skoon goed gevind.

VERSOEK: Dit is nie wenslik om iets net uit te spoel met koue water na gebruik daarvan nie. Doen die moeite om water te kook en ALLES wat gebruik is, behoorlik te was en te skuur indien nodig. Daar is min goed so grillerig as om iemand anders se vetterige bord of vurk op te tel! En moenie dink dat Cup-a-Soup nie vetterig is nie...

VLOERLAPPE/WASLAPPE/AFDROOGDOEKE/SPONSIES

Daar is lappe vir elke doel beskikbaar.

VERSOEK: Onder die wasbak is houers met waspoeier. Was asseblief met elke besoek die lappe daarmee uit (week dit sommer oornag in die blou waskom bokant die kombuisdeur), sodat die leefstyl daarvan verleng kan word.

CHARCOAL/HOUT

Al die charcoal wat in plastieksakke was, is uitgegooi in die drom en pienk sak. Die hout is gesorteer en gepak in die houtkrat.

VERSOEK: Daar is nou al so baie charcoal, dat ons tot latere kennisgewing versoek dat u nie nog daarvan opdra nie, maar eerder hout vir braai/kaggel maak.

LEë BAKKIES/BLIKKE/BOTTELS/PLASTIEKSAKKE

Dit bly maar 'n probleem dat leë plastiekbakkies, blikkies en bottels in die hut gelos word, veral op die solder slaap-areas. Voorts kon ons 'n winkel oopmaak met al die plastieksakke wat in enige denkbare hoek en gaatjie ingedruk/weggesteek was.

VERSOEK: Enige plastiek in die hut gaan geëet word deur knaagdier wat van tyd tot tyd in die hut beland op soek na ietsie te ete. Moet asseblief nie leë houers daar los nie – irrelevant of dit plastiek, glas of blik is. Dit geld vir plastieksakke ook.

ITEMS VERGEET

Soms is dit kleiner items wat vergeet word, maar ander kere is dit handdoeke, warm tops, sokkies, ens. Vir die kleiner items is daar 'n houer gemerk "Lost and found", maar groter items word summier weggegee of in die "NOOD" sluitkassie heel links onder geberg.

VERSOEK: As jy vermoed iets het agter gebly, laat weet die sekretaresse, sodat sy kan reël dat die volgende besoekers dit kan saambring. Maak asseblief dubbeld seker wanneer die laaste persoon die hut verlaat, dat alles verwyder is.

KERSE/SOLAR LIGTE

Ons vind dat besoekers steeds kerse aansteek, en nie gebruik maak van die solar ligte nie. Daar is solar ligte by albei slaap-areas in die solder, twee stringe op grondvlak en een bo die gasstofie. Die tydskakelaar sit links van die kaggel-kassie: draai dit om aan te skakel. Elke string liggies het ook sy eie skakelaar, indien u dit wil afgeskakel voordat die tydskakelaar outomaties afslaan.

VERSOEK: Indien die ligte nie werk nie, en u genoodsaak is om kerse aan te steek, dra sorg dat die kersvet nie op die vloer/kaggel of matrasse drup nie.

GEBRUIK VAN GASSTOOF

Die gasstoof en twee 3kg gasbottels is deur Tonie Roux opgedra vir die WORCESTER LEDE se gebruik. Maar dit is beslis nie om kos mee gaar te maak nie. Die gedagte is dat dit vir die vinnige kook van water is vir 'n lekker koppie tee/koffie of sop.

VERSOEK: Neem asseblief steeds jou eie gasstofie saam, indien jy kos moet gaarmaak. En as die gasbottel leeg is, bring dit asseblief af sodat die sekretaresse dit weer kan laat vul en reël vir die opdra daarvan. As die kaggel aangesteek word, vul dadelik die swart pot met water en sit dit bo-op. Sommer gou-gou is daar warm water.

GEBRUIK VAN KAGGEL

Die glasie in die kaggel se deur het onlangs gebreek (koste R2000!). Ja, die glas is breekbaar: hetsy die deurtjie te hard toegemaak word teen 'n oorvol stofie, of brandende hout wat teenaan die glas lê, of skoonmaak daarvan met 'n nat lap op die warm glas.

VERSOEK: Wanneer kaggel gemaak word, mag dit nie meer as die helfte gevul word nie. Dan sal die glas nie so erg swart brand nie, wat die skoonmaak daarvan baie makliker maak. Die vervaardiger stel voor dat die AFGEKOELDE glas met die WIT as van die gebrande hout skoongemaak word, en daarna met 'n klam lap afgevee word. Neem sorg om nie die deur toe te slaan nie, maar versigtig toe te maak. MOENIE die "grid" uithaal nie – vee die as met die handbesem sodat dit in die aspan onder val. Haal dan die aspan uit en maak doodseker dat dit nie meer warm is of gloeiende kole bevat nie, voordat die as buite weggegooi word.

GEBRUIK VAN PARAFFIEN STOFIES

Daar is ongeveer 12 liter paraffien al in die hut. Dit is weggepak onder die slaapbank. Die twee stofies staan op die rak bo die slaapbank.

VERSOEK: Indien u van die paraffien stofies gebruik moet maak, doen dit asseblief buite. Ons ontmoedig egter die gebruik daarvan en versoek dat daar nie meer paraffien opgedra word nie.

TOILET

Die toilet word druk besoek en dit is baie belangrik dat die werking daarvan goed verstaan word. Indien elke besoeker sy deel doen, sal dit so te sê reukloos wees. Van tyd tot tyd word kalk en 'n aktiveerder ingegooi.

VERSOEK: Tydens elke individuele besoek, moet 'n bakkie water ingegooi word. Met u aankoms by en vertrek van die hut, moet ten minste 'n emmer vol water ingegooi word. Vul weer die emmer vir die volgende besoekers. Maak seker dat die toilet gesluit word.

VERBRAND VAN ROMMEL

Ons het in die buite braai tinfolie, blikke, glasstukke en braaivleis bene uitgekrap.

VERSOEK: Moenie bene in die vuur gooi nie – dit lok vleisvretende diere, wat ons ten alle koste wil vermy. Moet asseblief nie rommel verbrand nie, maar bring dit eerder af.

LOS NIKS – NET JOU VOETSPORE!

VIR DIE TOEKOMS

- Al die matrasse is nou reggemaak: dankie aan elke vrou wat saam gewerk het hieraan. Die orige lap, naalde en garing is op die rak bo die slaapbank gebêre. As jy merk dat daar iewers 'n gaatjie is, maak dit sommer reg.
- Ons probeer om die hut gebruikers-vriendelik en netjies te laat lyk. Daarvoor is glaspotte vir die kombuis opgedra. Die vernuwing van implemente (bv kastrolle) vind deurlopend plaas. Al die verf, sement, kalk, paraffien, ens is nou onder die slaapbank gebêre. Selfs die toolbox is nou ge-orden. Links van die slaapbank is die hout, charcoal, toiletpapier en die seil vir die afdak. Baie dankie aan Jaco Putter (Bushwakka) wat die seil vir ons herstel en verstewig het.
- Die biblioteek vorder goed. Buiten 'n paar gewone leesboeke, is die joernale nou volledig vanaf 1955 tot 2007. Die laaste paar joernale word binnekort opgedra. Tom Jourdan is besig om die biblioteek se deurtjies te ontwerp, sodat ons boeke teen knaagdiere beskerm kan word.
- Die nuwe buite stort is al ingewy, alhoewel die deur en dak nog moet op kom. Moet egter nog nie die warm kraan oopdraai nie – dit is 'n volgende projek. Tonie Roux het 'n baie goeie job daarvan gemaak om vir ons (veral ons vroue!) 'n stort met aantrekarea te bou. Dit is agter die kombuis en smelt perfek saam met die hut en omgewing, danksy die seil wat Jaco Putter geskenk het.
- Die vloer kort dringend aandag. Ons wag egter vir die somer, want dit sal goed afgewas moet word, dan droog word, en daarna geseël word.
- Van die waterpype begin “perish” agv wind en weer. Dit sal mettertyd vervang moet word en sal 'n spesiale “Water works” naweek daarvoor geboek word. Hou die program dop.
- Sit asseblief jou gebruikte tee-sakkies buite om bietjie uit te droog. Bo-op die kaggel staan 'n glaspot met paraffien in: plaas die gedroogte tee-sakkies daarin net voor julle vertrek. Sodoende het ons 'n goeie voorraad tuisgemaakte blitz vir die kaggel.

Die bestuur verwelkom enige voorstelle – voel vry om dit vir ons aan te stuur vir bespreking.